BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 13 APRIL 2011 OM 14:10 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Rdl D Mbabane	[OD]	:	Speaker
Rdl A De Vries	[DA]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdl R Van Rooy	[Onafhanklik]	:	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdl Me S Crafford	[DA]	:	Lid van Burgemeesterskomitee
Rdh P Van Niekerk	[DA]		
Rdh J Raats	[DA]		
Rdl Me S Lesch	[ANC]		
Rdl J Afrikaner	[ANC]		
Rdl C Karools	[ANC]		
Rdl J Swart	[ANC]		

AMPTENARE:

Me E Liebenberg	:	Munisipale Bestuurder
Mnr J Joubert	:	Direkteur Administratiewe Dienste
Mnr A Willemse	:	Direkteur Tegniese Dienste (wnd)
Mnr J Van Niekerk	:	Direkteur Finansiële Dienste
Mnr D Josephus	:	Direkteur Gemeenskapsdienste (wnd)
Me R Pietersen	:	Strategiese Bestuurder (wnd)
Me H Priem	:	Interne Ouditeur
Mnr N Scheepers	:	Senior Klerk : Komiteedienste

1. **OPENING EN VERWELKOMING / OPENING AND WELCOME**

Raadslid Karools open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE OF ABSENCE (3/3/1/4)**

- Mnr D Lambrechts

3. **VERKLARING VAN BELANGE IN TERME VAN PARAGRAAF 5 VAN SKEDULE 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE) / DISCLOSURE OF INTEREST IN TERMS OF PARAGRAPH 5 OF SCHEDULE 1 & 2 (CODE OF CONDUCT FOR COUNCILLORS AND OFFICIALS) (3/3/1/6)**

- Geen / None

4. **BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING / CONFIRMATION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING (3/3/1/3)**

- Geen / None

5. **VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR VOORSITTER / DECLARATIONS / ANNOUNCEMENTS BY THE CHAIRPERSON (3/3/1/6)**

Die Voorsitter doen die volgende verklarings/mededelings, naamlik:

5.1 dat Raadslid Me E Schreuder bedank het (lees brief aan vergadering voor) en dat sy vervang word deur Mnr George Esau.

Op versoek van Raadslid Swart staan die Voorsitter 'n koukusgeleentheid toe.

Die vergadering verdaag om 14:20 en hervat om 14:30.

Na die koukusgeleentheid meld Raadslid Karools dat die inswering van Mnr Esau, by hierdie vergadering, onwettig is.

Die Voorsitter versoek Raadslede Swart en Karools om die vergadering te verlaat.

Raadslid De Vries vestig die aandag van die raad met verwysing na die Reglement van Orde : Reël 6.

Die vergadering verdaag om 14:35 en hervat om 14:40.

Na die vergadering oorhandig die Munisipale Bestuurder die plegtige verklaring aan Mnr Esau, wie die eed aan die raad voorlees.

Die Munisipale Bestuurder, Speaker en ANC-koukus verwelkom Raadslid G Esau in die raad van Bergrivier Munisipaliteit.

5.2 dat Bergrivier Munisipaliteit 3 Golden Arrow-toekennings ontvang het en bedank die administrasie vir uitstekende werk gelewer; en

5.3 dat Raadslid Karools verjaar het en wens hom geluk en seënwense toe.

6. **ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS / INTERVIEWS WITH DELEGATIONS (3/3/1/5)**

- Geen / None

7. **MOSIES / VRAE / MOTIONS / QUESTIONS (3/3/1/1; 3/3/1/2)**

7.1 **MOTION : REMOVAL FROM OFFICE : EXECUTIVE MAYOR (3/3/1/1)**

Raadsheer Raats lees die mosie aan die raad voor.

Raadslid De Vries versoek die Munisipale Bestuurder om die raad in hierdie verband te adviseer na aanleiding van Raadslid Karools se beswaar geopper met betrekking tot die feit dat slegs 1 raadslid, naamlik Raadslid A De Vries die mosie onderteken het.

Die Direkteur Administratiewe Dienste bevestig dat die optrede/reëling deur die Voorsitter wetlik korrek is, waarna Raadsheer Van Niekerk die mosie sekondeer.

Slegs 1 nominasie vir die amp : Uitvoerende Burgemeester word uitgebring, naamlik: Raadslid De Vries.

Die vergadering verdaag vir 'n ANC-koukusgeleentheid om 15:15 en hervat om 15:25.

Na die koukusgeleentheid word geen nominasie vir die amp : Uitvoerende Burgemeester, deur die ANC-koukus, ingedien nie.

Die Voorsitter verklaar dat Raadslid A De Vries deur die meerderheid van raadslede verkies word tot die amp as Uitvoerende Burgemeester en wens die nuut verkose Uitvoerende Burgemeester geluk toe vir die oorblywende tydperk van die huidige raad.

Raadslid De Vries neem sy plek in as Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit en meld die volgende aspekte in sy toespraak, naamlik:

* dat 'n demokratiese proses die raad by hierdie punt gebring het;

* dat die raad as 'n kollektiewe eenheid moet funksioneer, indiens van die gemeenskap;

* dat Bergrivier Munisipaliteit 'n goeie toekoms vir alle inwoners kan skep;

* dat hy, die raad en administrasie bedank vir die vertroue in hom gestel;

* dat Raadslid Me S Crafford as Uitvoerende Komitee-lid aangewys word met onmiddellike effek; en

* dat die status-quo met betrekking tot die portefeulje-komitees gehandhaaf word.

8. **DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER URGENT ITEMS / REPORTS FROM THE MUNICIPAL MANAGER (9/1/2)**

- Geen / None

9. **AFDELING A : UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / SECTION A : EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE**

9.1 **AANBEVELINGS VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL**

- Geen / None

9.2 **BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD / RESOLUTIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE ACCORDING DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS OF WHICH WERE NOTED**

- Geen / None

10. **AFDELING B : IN KOMITEE (VERTROULIK) / SECTION B : IN COMMITTEE (CONFIDENTIAL)**

10.1 **AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL**

- Geen / None

10.2 **BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD / RESOLUTIONS ACCORDING DELEGATED POWERS AND ITEMS OF WHICH COGNISANCE SHOULD BE TAKEN, FOR INFORMATION OF COUNCIL**

- Geen / None

DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:10

BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.

_____ _____

VOORSITTER (SPEAKER) ***DATUM***